

**Maandag 14 Mei**

**Skrifgedeelte: 2 Johannes :7-13**

**Fokusgedeelte: 2 Johannes :10, 11**

## Leef die waarheid in liefde – 'n opdrag oor geloofwaardigheid

In ons fokusgedeelte kry ons 'n opdrag oor die dwaalleraars wat in die wêreld ingekom het en wat die Godheid van Jesus Christus ontken. Jy moet hulle nie in jou huis ontvang nie en jy moet hulle selfs nie groet nie.

Hoe moet ons hierdie opdrag verstaan? Die dwaalleraars destyds het as rondreisende predikers van plek tot plek gegaan om vir hulle volgelingen bymekaar te maak. As jy as gelowige so 'n dwaalleraar in jou huis sou ontvang of hom met 'n groet of seën wens sou wegstuur, sou jy geloofwaardigheid gee aan die dwaalleer wat hy verkondig het. Die opdrag behels dus dat jy niks moet doen om geloofwaardigheid aan hulle dwaalleer te gee nie.

Vandag kry ons nie baie sulke rondreisende dwaalleraars wat ons kom besoek nie. Baie gelowiges is egter op Facebook doenig. Daar kry ons 'n magdom mooi Bybelgedagtes en inspirerende woorde wat “gedeel” en “ge-like” word. Ongelukkig kom van daardie mooi woorde van dwaalleraars, van predikers wat met 'n valse evangelie vir hulleself 'n groot aanhang bymekaar gemaak het en groot rykdom vergader.

Nie al die boodskappe wat van hulle kom, is noodwendig verkeerd of vol leuens nie. Die probleem is dat as jy dit “like” of as jy dit op jou Facebook-muur plaas, verleen jy 'n sekere geloofwaardigheid aan hulle. Ander sien dit en dink: As jy as gereformeerde hou van hier-die persoon sê, dan kan ook die ander dinge wat hy sê, nie so verkeerd wees nie. Onder-skei dus mooi waarvan jy hou en wat jy op jou muur plaas. Moenie geloofwaardigheid aan dwaalleraars verleen nie.

*Sing: Psalm 119:22, 26, 35 (1936)*

*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*